



# Hoofstuk van die dag: Numeri 12

> *Mirjam en ook Aäron het teen Moses uitgevaar oor die Kussiet wat hy as vrou geneem het. Ja, hy het ’n Kussiet as vrou geneem! (vers 1, 2020-vertaling)*

Moses se Kussitiese (swart) vrou kan ’n tweede vrou wees van

wie ons andersins niks weet nie. Die naam Kusan was egter ook ’n wisselvorm vir Midian (Hab 3:7), sodat dit sy Midianitiese vrou Sippora (Eks 2:16,21) kan wees na wie Mirjam verwys. Maar die wyse waarop dit gestel word, laat dit lyk asof dit ’n tweede huwelik was.
Die kwessie van ras was egter nie die eintlike probleem nie; Mirjam en haar ja-broer Aäron het dit slegs as dekmantel gebruik om Moses se leiersposisie aan te val, omdat hulle jaloers was. Hulle was immers ouer sibbe van hom en was profete in eie reg (Eks 7:1 en 15:20). Dit was dus ten diepste ’n gesagskrisis, waarin Mirjam Moses se absolute leierskap uitgedaag het.
Dis merkwaardig dat nie Moses nie, maar die Here self Moses se posisie verdedig (vers 4). Uiteindelik moes Mirjam vir ’n week buite die kamp bly en oor haar sondes nadink (vers 14).
Jaloesie, skryf Paulus in 1 Kor 3:3 (vgl ook Tit 3:3), is ’n wêreldse eienskap, nie waardig van ’n gelowige nie. Baklei daarteen!

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief


Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026